

Nuusbrief 14 17 Mei 2017

Saamgestel deur Wilna van Rooyen  
083 454 2843 wilnav@leeuwenhof.co.za

## UMALUSI:

Liewe Ouers,

Ons het gister besoek van 'n paneel van 6 mense gehad, van Umalusi af, sodat ons skool amptelik geakkrediteer kan word.

Ons is tans voorlopig geakkrediteer. Daar is nog nie onafhanklike skole, met volle akkreditasie nie.

Umalusi is die liggaam in die land wat toesien dat 'n instansie se diens wat aangebied word, op standaard is, dat daar aan beleide voldoen word en dat daar kwaliteit onderwys aangebied word in so-danige skool.

Die besoek was gelykstaande aan 'n volwaardige inspeksie en ons kan ons personeel en kinders gelukwens, die paneel was beïndruk met die uitnemende diens wat ons skool lewer.

### In hierdie uitgawe:

#### Bl. 1 UMALUSI

Gawe kinders

#### Bl. 2 Baie dankie

Omgee

Welpierugby

#### Bl. 3 Belangrike datums

Maselinenting

Hemelvaart

Eduvetbesoek

Leer dankie sê



### Gawe kinders—vervolg:

**Stel die voorbeeld.** "Kinders leer etiese beginsels deur volwassenes dop te hou wat hulle respekteer," sê Richard. Dit beteken jy moet self eerlikheid, regverdigheid en omgee beoefen. Doen een maal per maand iets vir ander, selfs al is dit om koekies te bak of 'n vrywilliger by die kerkbasaar te wees. Beter nog – betrek jou kind daarby. Wees ook bereid om jou foute en tekortkominge aan jou kinders te erken. Jy kan jou kind mentor deur moeilike situasies te bespreek waarin hulle hulself bevind.

**Verbreed jou kind se omgeesirkel.** Die meeste kinders gee om vir hul maats en hul gesin. As ouer is dit jou uitdaging om jou kind ook mense buite dié sfeer te leer omgee, soos 'n nuwe klasmaat, haweloses in jul buurt of iemand wat in 'n ander land swaarkry. Dit is belangrik dat kinders interaksie het met mense van verskillende agtergronde sodat hulle kan leer hoe dit voel om in ander se skoene te staan.





**Baie dankie!:**

**Hendri en Mariaan Keulder** het ons bederf met bokse en bokse vol speelgoed en boeke! Ons kan nie genoeg dankie sê vir die wonderlike geskenk nie!

Ons het baie speelgoed by die skool, maar dis altyd lekker vir ons om bykomende items as geskenk te kry, dit bied net meer geleentheid aan ons kinders. Ons kan maar net sê: **"DANKIE!"**

**Omgeekinders:**

**Vier gawe daad.** Dit is onnodig om jou kind te beloon vir elke gawe daad – jy mag verwag dat jou kinders om die huis moet help. "Om alledaags gaaf te wees is normaal. Dis hoe dit deel word van wie ons is," verduidelik Richard. Maar beloon ongewone gawe daad, soos as hulle 'n maatjie help, of vir jou, of ouma/oupa of hoe ook al. Wys hulle jy let op wanneer hulle uit hul pad uit gaan om gaaf te wees.

**Klim en klouterapparaat:**

Ons het 'n nuwe opklimmuur en opklimskuinstes aan die hout klim- en klouterapparaat laat aanbring. Dit werk sommer baie lekker!



**Welpierugby:**

Ons speel m&ore by Laerskool MW de Wet. Daar is net parkeering in die strate om die skool.

Daar is eetgoed en ander interessantheid te koop.

Baie dankie aan almal wat die groen hempies terug gestuur het skool toe! Ons kort nog net 'n paartjies.

**Click 2 Chow:**

Click 2 Chow kan gebruik word om bestellings by die snoepie te plaas. Die stelsel behoort beter te werk as die huidige stelsel, waar bestellings per e-pos by Angie geplaas word.

Ons stuur vir u die skakel, wat gebruik kan word om die items te bestel en betaal.

## Belangrike datums:

- 20 Mei:** Welpierugby MW de WET  
**25 Mei:** **Hemelvaartdag**  
Ons besoek die Kerk naby skool  
**27 Mei:** Welpierugby Leeuwenhof  
**29 Mei:** **Tot 1 Junie**—tradisionele kos  
29-05 Vetkoek, 30-05 Melktert  
31-05 Koesters, 01-06 Pannekoek  
**2 Junie:** **Boeresport en Worsbraai**  
**3 Junie:** Maontlik Welpierugby—Oosterkruin, by Goudrif



## Maselinenting:

Ons het die vorms aan die ouers van ons Gr. 000 en 00 klasse voorsien, die inenting sal volgende week plaasvind.

## Hemelvaart:

Ons vier Hemelvaart op 25 Mei en besoek die NG Kerk in Primroseheuwel. Vul asseblief die toestemmingsbriefie daarvoor in.

## Eduvetbesoek:

Eduvet het ons besoek met 'n baie oulike aanbieding oor TAND-DE. Dankie aan juf. Zuanéll wat dit vir ons gereël het.



## Leer jou kind jammer sê.

Lynne Arbuckle, die skoolhoof van Riverside College in Kaapstad, sê dit is moeilik om 'n opregte, diepgevoelde verskoning te maak. "Dit spruit uit die wete dat jy iemand seergemaak het," verduidelik sy. Vra jou kind hoe sy optrede die ander persoon sou laat voel, en vra hom wat hy daarvoor kan doen. "Kinders moet leer om jammer te sê nie hul dade tot niet maak nie."

Bronne: washingtonpost.com, abundantmama.com, greatergood.berkeley.edu, today.com

Vriendelike groete! Wilna van Rooyen